# NASIENRIGLYNE

| EKSAMEN | NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT |
|---|---|
| **GRAAD** | 12 |
| **DATUM** | MEI/JUNIE 2025 |
| **VAK** | GESKIEDENIS |
| **VRAESTEL** | 1 |
| **PUNTETOTAAL** | 150 |
| **TYDSDUUR (URE)** | 3 |
| **AANTAL BLADSYE** | 30 |

SACAI

SOUTH AFRICAN COMPREHENSIVE ASSESSMENT INSTITUTE

SUID-AFRIKAANSE KOMPREHENSIEWE ASSESSERINGSINSTITUUT

| FINAAL GOEDGEKEURDE NASIENRIGLYNE | |
|---|---|
| **VERGADERINGDATUM** | |
| **UMALUSI-MODERATOR** | |
| **HOOFNASIENER** | |
| **INTERNE MODERATOR** | |

# 1. BRONGEBASEERDE VRAE

## 1.1 Die volgende kognitiewe vlakke is gebruik om brongebaseerde vrae te ontwikkel:

| KOGNITIEWE VLAKKE | HISTORIESE VAARDIGHEDE | GEWIGTOEKENNING VAN VRAE |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Onttrek bewyse uit bronne<br>• Seleksie en organisering van relevante inligting uit bronne<br>• Definieer historiese konsepte/terme | 30%<br>(15) |
| **VLAK 2** | • Interpretasie van bewyse uit bronne<br>• Verduidelik inligting wat uit bronne versamel is<br>• Ontleed bewyse uit bronne | 40%<br>(20) |
| **VLAK 3** | • Interpreteer en evalueer bewyse uit bronne<br>• Ondersoek bronne om hul bruikbaarheid, betroubaarheid, vooroordeel en beperkings te bepaal<br>• Vergelyk en kontrasteer interpretasies en perspektiewe wat in bronne aangebied word en maak onafhanklike gevolgtrekkings | 30%<br>(15) |

## 1.2 Die inligting hieronder dui aan hoe brongebaseerde vrae geassesseer word:

- By die nasien van brongebaseerde vrae moet krediet gegee word vir enige ander geldige en relevante standpunte, argumente, bewyse of voorbeelde.
- By die toekenning van punte moet klem gelê word op hoe die vereistes van die vraag aangespreek is.
- In die nasienriglyn word die vereistes van die vraag (vaardighede wat aangespreek moet word) asook die vlak van die vraag kursief aangedui.

## 1.3 Assesseringsprosedures vir brongebaseerde vrae:

- Gebruik 'n regmerkie (✓) vir elke korrekte antwoord.
- Gee aandag aan die punteskema bv. (2 x 2) wat op twee redes dui en elk twee punte kry (✓✓✓✓); (1 x 2) wat op een rede dui en twee punte kry (✓✓).
- As 'n vraag 4 punte dra, dui dan aan deur 4 regmerkies (✓✓✓✓) te plaas.

## 1.4 By die nasien van vrae oor ondersteuning/ooreenkomste kan die antwoord wees:

- Dit wys / Dit dui aan / Beide bronne ...
- Maar in gevalle van verskille tussen bronne, moet die antwoord wees: In bron A … maar in bron B …

## 1.5 PARAGRAAFVRAAG

Paragrawe moet globaal (holisties) geassesseer word. Beide die inhoud en struktuur van die paragraaf moet in ag geneem word wanneer ’n punt toegeken word. Die volgende stappe moet gebruik word wanneer ’n antwoord op ’n paragraafvraag geassesseer word:

- Lees die paragraaf en plaas ’n kolpunt (●) by elke punt in die teks waar die kandidaat relevante bewyse gebruik het om die vraag aan te spreek.
- Lees weer die paragraaf om te evalueer tot watter mate die kandidaat in staat was om relevante bewyse te gebruik om ’n paragraaf te skryf.
- Dui aan die einde van die paragraaf die regmerkies (✓) aan wat aan die kandidaat vir die paragraaf toegeken is, asook die vlak (1, 2 of 3), soos aangedui in die holistiese rubriek, ondersteun deur ’n kort opmerking, bv.

______________●____________________●_______________________

____________________●_________________________●___________

________________________●__________________________●

✓✓✓✓

Vlak 2

- Het meestal relevante bewyse gebruik om ’n basiese paragraaf te skryf.

Tel al die regmerkies vir die brongebaseerde vraag en skryf dan die punt in die regterkantste kantlyn onder, bv. $\frac{32}{50}$

- Maak seker dat die totale punt akkuraat na die voor-/agterblad van die antwoordskrif oorgedra word.

## 2. OPSTELVRAE

### 2.1 Die opstelvrae vereis die volgende van kandidate:

- Hulle moet in staat te wees om hul argument op ’n logiese en samehangende wyse te struktureer. Hulle moet die relevante inligting selekteer, organiseer en verbind sodat hulle ’n redelike volgorde van feite of ’n doeltreffende argument kan aanbied om die vraag wat gestel is te beantwoord. Dit is noodsaaklik dat ’n opstel ’n inleiding, ’n samehangende en gebalanseerde versameling bewyse en ’n gevolgtrekking moet hê.

© SACAI KOPIEREG

## 2.2 Nasien van opstelvrae

- Nasieners moet daarvan bewus wees dat die inhoud van die antwoord gelei sal word deur die handboeke wat by die betrokke sentrum gebruik word.
- Kandidate mag enige ander relevante inleiding en/of slot hê as dié wat in ’n spesifieke opstelnasienriglyn vir ’n spesifieke opstel ingesluit is.
- Wanneer oop-einde-brongebaseerde vrae geassesseer word, moet leerders krediet kry vir enige ander relevante antwoorde.

## 2.3 Globale assessering van die opstel

Die opstel sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die onderwyser vir die opstel as geheel moet punte gee sonder om die samestellende dele afsonderlik te bepunt. Hierdie benadering moedig die leerder aan om ’n individuele mening te gee deur geselekteerde feitelike bewyse te gebruik om ’n argument te ondersteun. Daar sal nie van die leerder verwag word om bloot “feite” te herhaal om ’n hoë punt te behaal nie. Hierdie benadering ontmoedig leerders om “model”-antwoorde voor te berei en dit weer te gee sonder om die spesifieke vereistes van die vraag in ag te neem. Holistiese nasien van die opstel gee krediet aan leerders se menings wat deur bewyse ondersteun word. Holistiese assessering, anders as inhoudgebaseerde nasien, penaliseer nie taalontoereikendheid nie, aangesien die klem op die volgende val:

- Die konstruksie van ’n argument.
- Die toepaslike keuse van feitelike bewyse om so ’n argument te ondersteun.
- Die leerder se interpretasie van die vraag.

## 2.4 Assesseringsprosedures van die opstel

2.4.1 Hou die oorsig in gedagte wanneer die opstel geassesseer word.

2.4.2 Tydens die eerste lees van die opstel moet regmerkies toegeken word vir ’n relevante inleiding (aangedui met ’n kolpunt in die nasienriglyn/memorandum), elk van die hoofpunte/aspekte wat behoorlik gekontekstualiseer is (ook aangedui deur kolpunte in die nasienriglyn/memorandum) en ’n relevante gevolgtrekking (aangedui met ’n kolpunt in die nasienriglyn/memorandum) bv. in ’n antwoord waar daar 5 hoofpunte is, sal daar 7 regmerkies wees.

© SACAI KOPIEREG

2.4.3 Die volgende bykomende simbole kan ook gebruik word:

- Inleiding, hoofaspekte en slot nie behoorlik gekontekstualiseer nie

^

| | | |
|---|---|---|
| • | Verkeerde stelling | ____________________ |
| • | Irrelevante stelling | \| |
| | | \| |
| | | \| |
| • | Herhaling | R |
| • | Ontleding | A ✓ |
| • | Interpretasie | I ✓ |

## 2.5 Die matriks

2.5.1 Gebruik van die matriks in die nasien van opstelle

By die nasien van opstelle moet die kriteria soos verskaf in die matriks gebruik word.

Let op die inhoud en aanbieding wanneer u die opstel assesseer. By die snypunt van die inhoud en aanbieding gebaseer op die sewe bevoegdheidsvlakke, moet 'n punt toegeken word.

(a) Die eerste lees van die opstel sal wees om te bepaal tot watter mate die hoofaspekte gedek is en om die **inhoudsvlak** (op die matriks) toe te ken.

| | | |
|---|---|---|
| C | VLAK 4 | |
| | | |

(b) Die tweede lees van die opstel sal verband hou met die vlak (op die matriks) van **aanbieding**.

| | | |
|---|---|---|
| C | VLAK 4 | |
| P | VLAK 3 | |

(c) Ken 'n algehele punt toe met die gebruik van die matriks.

| | | |
|---|---|---|
| C | VLAK 4 | }26–27 |
| P | VLAK 3 | |

# GLOBALE ASSESSERING VAN OPSTELLE: TOTALE PUNTE: [50]

| **AANBIEDING** →<br>↓<br>**INHOUD** | **VLAK 7**<br>Baie goed beplan en gestruktureer. Goeie sintese van inligting. Het 'n oorspronklike, goed gebalanseerde en onafhanklike argumentasie met die gebruik van bewyse ontwikkel, die argument deurgaans volgehou en verdedig. Onafhanklike gevolgtrekkings word gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | **VLAK 6**<br>Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. Het 'n relevante argumentasielyn ontwikkel. gebruik om die argument te verdedig. Pogings om 'n onafhanklike gevolgtrekking uit die getuienis te maak om die argument te ondersteun. | **VLAK 5**<br>Goed beplande en gestruktureerde opstel. Pogings om 'n duidelike argument te ontwikkel. Gevolgtrekking gemaak uit die getuienis om die argument te ondersteun. | **VLAK 4**<br>Het 'n argument beplan en saamgestel. Bewyse word tot 'n mate gebruik om die argument te ondersteun. Gevolgtrekkings bereik op grond van bewyse. | **VLAK 3**<br>Toon 'n paar bewyse van 'n beplande en gekonstrueerde argument. Pogings om 'n argument te handhaaf. Gevolgtrekkings nie duidelik deur bewyse ondersteun nie. | **VLAK 2**<br>Pogings om 'n antwoord te struktureer. Grootliks beskrywend, of 'n poging om 'n argument te ontwikkel. Geen poging om 'n gevolgtrekking te maak nie. | **VLAK 1**<br>Min of geen poging om die opstel te struktureer nie. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **VLAK 7**<br>Vraag is volledig beantwoord. Inhoudseleksie ten volle relevant tot die argument. | 47–50 | 43–46 | | | | | |
| **VLAK 6**<br>Vraag is beantwoord. Inhoudseleksie relevant tot die argument. | 43–46 | 40–42 | 38–39 | | | | |
| **VLAK 5**<br>Vraag in 'n groot mate beantwoord. Inhoud voldoende gedek en relevant. | 38–39 | 36–37 | 34–35 | 30–33 | 28–29 | | |
| **VLAK 4**<br>Vraag is herkenbaar in antwoord. Sommige weglatings of irrelevante inhoudseleksie. | | | 30–33 | 28–29 | 26–27 | | |
| **VLAK 3**<br>Inhoudseleksie hou wel verband met die vraag, maar beantwoord dit nie, of hou nie altyd verband met die vraag nie. Weglatings in dekking. | | | | 26–27 | 24–25 | 20–23 | |
| **VLAK 2**<br>Vraag onvoldoende aangespreek. Skraal inhoud. | | | | | 20–23 | 18–19 | 14–17 |
| **VLAK 1**<br>Vraag onvoldoende aangespreek of glad nie. Onvoldoende of irrelevante inhoud. | | | | | | 14–17 | 0–13 |

*** Riglyne vir die toekenning van 'n punt vir Vlak 1.**

- Vraag glad nie aangespreek nie/ totaal irrelevante inhoud; geen poging om opstel te struktureer nie = 0
- Vraag sluit basiese en algemeen irrelevante inligting in; geen poging om die opstel te struktureer nie = 1–6
- Vraag onvoldoende aangespreek en vaag; geen poging om die opstel te struktureer nie = 7–13

© SACAI KOPIEREG

| | **Vlak 1** | **Vlak 2** | **Vlak 3** |
|---|---|---|---|
| | **Onttrek bewyse uit bronne. Seleksie en organisering van relevante inligting uit bronne. Definieer historiese konsepte.** | **Interpretasie. Verstaan bron en skrywer se mening. Eenvoudige vergelyking. Verduidelik historiese konsepte.** | **Interpreteer en evalueer. Raak betrokke by bevooroordeeldheid, betroubaarheid, bruikbaarheid. Vergelyk en kontrasteer. Interpretasies.** |
| **KABV** | **30%** | **40%** | **30%** |
| 1.1.1 | 1 | | |
| 1.1.2 | 4 | | |
| 1.1.3 | 2 | | |
| 1.1.4 | | 4 | |
| 1.1.5 | | | 4 |
| | | | |
| 1.2.1 | 1 | | |
| 1.2.2 | | 2 | |
| 1.2.3 | | 4 | |
| 1.2.4 | | 4 | |
| | | | |
| 1.3.1 | 2 | | |
| 1.3.2 | | 2 | |
| 1.3.3 | 3 | | |
| 1.3.4<br>1.3.5 | <br>1 | 4 | |
| | | | |
| 1.4.1 (a) | 1 | | |
| 1.4.2 (b) | 1 | | |
| | | | |
| 1.5 | | | 8 |
| | **32%** | **40%** | **28%** |
| 2.1.1 | 2 | | |
| 2.1.2 (a) | | 2 | |
| 2.1.2 (b) | | 2 | |
| 2.1.3 | 2 | | |
| 2.1.4 | | 4 | |
| 2.1.5 | | | 2 |
| | | | |
| 2.2.1 | 2 | | |
| 2.2.2 | | 2 | |
| 2.2.3 | | 2 | |
| 2.2.4 | 2 | | |
| 2.2.5 | 2 | | |
| | | | |
| 2.3.1 | 4 | | |
| 2.3.2 | | 1 | |
| 2.3.3 | | 4 | |
| 2.3.4 | | 1 | |
| | | | |
| 2.4.1 | 1 | | |
| 2.4.2 | | 2 | |
| 2.4.3 | 1 | | |
| | | | |
| 2.5 | | | 4 |
| 2.6 | | | 8 |
| | **32%** | **40%** | **28%** |
| 3.1.1 | | 2 | |
| 3.1.2 | 3 | | |
| 3.1.3 | | 2 | |
| 3.1.4<br>3.1.5 | | 4 | <br>2 |
| | | | |
| 3.2.1 | 3 | | |
| 3.2.2 | | | 4 |
| 3.2.3 | 2 | | |
| | | | |
| 3.3.1 | | 2 | |
| 3.3.2 | 1 | | |
| 3.3.3 | 1 | | |
| 3.3.4 | 2 | | |
| 3.3.5 | | 4 | |
| 3.3.6 | | 4 | |
| | | | |
| 3.4.1 | 2 | | |
| 3.4.2 | | 2 | |
| 3.4.3 | 2 | | |
| | | | |
| 3.5 | | | 8 |

| | 32% | 40% | 28% |
|---|---|---|---|

## AFDELING A

**VRAAG 1: HOE HET OOS- EN WES-BERLYNERS OP DIE KONSTRUKSIE VAN DIE BERLYNSE MUUR IN 1961 GEREAGEER?**

1.1

1.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – Vlak 1]*

- "Bonn". (1x1)(1)

1.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – Vlak 1]*

- "In 1948 is 'n afsonderlike geldeenheidhervorming in Wes-Duitsland en Wes-Berlyn ingestel."
- "Die Wes-Duitse separatistiese staat is in 1949 gestig."
- "In 1954 is Wes-Duitsland in NAVO opgeneem."
- "Die besluit oor atoombewapening van die Wes-Duitse Bundeswehr (Duitse weermag) is in 1958 geneem." (4x1)(4)

1.1.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – Vlak 1]*

- "Die Warskou-verdrag"
- "NAVO (Noord-Atlantiese Verdragsorganisasie)" (2x1)(2)

1.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1A – Vlak 2]*

- Die muur was 'n vredesbewaringsmaatreël aangesien Oos-Duitsland Wes-Duitsland as 'n bedreiging vir hul veiligheid gesien het / om militêre konflik te stop.
- Groot getalle geskoolde werkers het Oos-Duitsland na Wes-Duitsland verlaat / met hul voete gestem / oorgeloop.
- Wes-Berlyn het gedreig om Oos-Duitsland se ekonomie lam te lê (verlies van 3,5 miljard Duitse Mark jaarliks).
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2x2)(4)

1.1.5 *[Betroubaarheid van Bron 1A – Vlak 3]*

***Kandidate moet aandui of die bron BETROUBAAR of NIE BETROUBAAR is nie en hul antwoord met relevante bewyse staaf.***

**BETROUBAAR**

- Die bron is betroubaar aangesien dit vanuit Oos-Duitse / kommunistiese perspektief geskryf is.
- Die oorspronklike bron was 'n brosjure wat in 1962 gepubliseer is, nadat die Berlynse Muur opgerig is.
- Die bedoeling van die bron was om die Oos-Duitsers in te lig oor die redes vir die bou van die Berlynse Muur.

- Die gebeure waarna in die uittreksel verwys word, is feitelik akkuraat, maar is deur Oos-Duitsland geïnterpreteer as dade van aggressie.
- Enige ander relevante antwoord

**OF**

**NIE BETROUBAAR**

- Die bron is geskryf om die Oos-Duitse standpunt oor die Berlynse Muur te gee, dit maak dus die bron bevooroordeeld.
- Die oorspronklike pamflet is in Engels (nie Duits nie) geskryf en is in die VSA en Brittanje versprei.
- Die bedoeling van die bron verteenwoordig die Oos-Duitsers se redes vir die bou van die muur.
- Die bron toon geen ander perspektief nie.
- Enige ander relevante antwoord..

(Enige 2x2)(4)

**(15)**

1.2

1.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – Vlak 1]*

- "... sowat 2,7 miljoen Oos-Duitsers het deur die oop grens na Wes-Berlyn en daarna na Wes-Duitsland gevlug." (1x1)(1)

1.2.2 *[Definieer 'n historiese konsep uit Bron 1B – Vlak 2]*

- 'n Politieke ideologie gebaseer op die geskrifte van Karl Marx wat daarop gemik was om 'n klaslose samelewing te vestig.
- 'n Ekonomiese stelsel waar grond, fabrieke, eiendom en rykdom van die nasie deur die staat besit word.
- 'n Stelsel van sosiale organisasie waarin alle eiendom deur die gemeenskap besit word en elke persoon bydra en ontvang volgens hul vermoë en behoeftes.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1x2)(2)

1.2.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1B – Vlak 2]*

- Oos-Duitsland was veronderstel om 'n rolmodel van kommunisme te wees.
- As die ideologie van kommunisme nie in Oos-Duitsland gewerk het nie, sou aangeneem word dat dit in die praktyk misluk het.
- Die feit dat so baie Oos-Duitsers na Wes-Duitsland gevlug het, was nie 'n goeie voorbeeld vir kommunisme nie en dit het gelei tot 'n "brain drain" vir geskoolde werkers.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2x2)(4)

1.2.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1B – Vlak 2]*

- Kennedy het geïmpliseer dat as die muur nie gebou was nie, daar ’n moontlikheid was dat oorlog sou uitbreek.
- Kennedy se verklaring dui daarop dat die VSA bereid was om die muur te duld, want dit het die spanning in beide Duitsland en Berlyn verminder.
- Alhoewel Kennedy nie saamgestem het met die bou van die muur om Oos-Duitsers aan hul kant te hou nie, het hy verklaar dat dit die moontlikheid dat ’n oorlog tussen die Ooste en die Weste sou uitbreek kon verminder.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2x2)(4)

**(11)**

1.3

1.3.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1C – Vlak 1]*
- “Positief”
- “... Sorgvry” (2x1)(2)

1.3.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1C – Vlak 2]*
- Die Oos-Duitsers was bewus daarvan dat as hulle nie onmiddellik Oos-Berlyn verlaat nie, al die grense binnekort gesluit sou word, en hulle onder kommunistiese bewind vasgevang sou wees.
- Oos-Duitsers moes dadelik vertrek as hulle vryheid wou hê.
- en nie onder kommunistiese bewind wees nie.
- Enige ander relevante antwoord. (1x2)(2)

1.3.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1C – Vlak 1]*
- “… spring die lemmetjiesdraad …”
- “... spring uit die woonstelvensters op die boonste verdieping”.
- “... swem oor riviere en mere in die stad”. (3x1)(3)

1.3.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1C – Vlak 2]*
- Fechter het in “niemandsland”, die gebied aan die oostekant van die muur, geval.
- Wes-Berlynse soldate wou nie hul lewens waag om hom te probeer bystaan nie.
- Die wagte aan beide kante was bekommerd oor die begin van ’n skietgeveg/geweeroorlog.
- Die Oos-Duitse wagte is beveel om te “skiet om dood te maak” en bevele te volg.
- Die Oos-Duitse wagte het Fechter moontlik as ’n verraaier gesien en wou hom dus nie help nie.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2x2)(4)

1.3.5 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1C – Vlak 1]* (1x1)(1)

© SACAI KOPIEREG

- "Messelaar"

**(12)**

1.4

1.4.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – Vlak 1]*

(a) "Khrushchev".

(b) "13 Augustus 1961". (2x1)(2)

1.4.2 *[Vooroordeel van bewyse uit Bron 1D – Vlak 3]*

**Bevooroordeeld omdat**

- Dit is deur 'n Amerikaanse spotprenttekenaar in die konteks van die Koue Oorlog geteken, so dit is waarskynlik dat dit 'n negatiewe prentjie van kommunistiese heerskappy in Oos-Berlyn sal vertoon.
- Khrushchev is as gevoelloos en 'n ongevoelige leier uitgebeeld.
- Dit lyk asof hy nie omgee vir die mense wat gesterf het toe hulle uit Oos-Berlyn probeer ontsnap het nie.
- Die muur word in 'n negatiewe lig uitgebeeld, daar is geen verwysing na Kennedy se voorstel dat die muur spanning tussen Oos en Wes verminder het en moontlik die uitbreek van die oorlog verhoed het nie.
- Kommunisme word voorgestel as genadeloos, gevoelloos, moorddadig, gevaarlik.
- Die spotprent suggereer dat die kommuniste geen agting vir menseregte het nie.
- Enige ander relevante antwoord.

(Enige 2x1)(2)

**(4)**

1.5 *[Interpretasie, analise en sintese van bewyse uit die relevante bronne – Vlak 3]*

**Kandidate kan die volgende aspekte in hul antwoord insluit:**

- Die Duitse Demokratiese Republiek (DDR) het die muur gebou as gevolg van Wes-Duitsland se aggressie (Bron 1A).
- Militêre alliansies is gestig deur beide die Weste en die Sowjet-unie, NAVO en die Warskou-verdrag (Bron 1A).

**Oos-Berlyners se reaksie:**

- Baie Oos-Berlyners het hul lewens in gevaar gestel deur na Wes-Berlyn te probeer ontsnap (Bron 1B).
- Oos-Duitsers het probeer ontsnap deur oor mere te swem, oor die lemmetjiesdraad te spring en by vensters uit te spring (Bron 1B).
- Sommige Oos-Berlyners is dood in die proses om uit Oos-Berlyn te probeer ontsnap (Bron 1B).

- Oos-Duitse polisie het gereeld Oos-Berlyners wat probeer ontsnap het, geskiet, gewond en doodgemaak (Bron 1D).
- Peter Fechter is deur die Oos-Duitse grenswagte vermoor terwyl hy probeer oorloop het (Bron 1C).
- Oos-Duitsers het geweet dat hulle "vinnig moet optree as hulle wil uitkom" (Bron 1C).
- Sommige Oos-Berlyners was gelukkig om onder kommunistiese bewind te bly (eie kennis).
- Oos-Duitsers, veral Duitsers wat in Berlyn gewoon het, kon die ekonomiese groei van Wes-Berlyn waarneem. Oos-Berlyners/Oos-Duitsers het dieselfde ekonomiese voordeel begeer (eie kennis).
- Enige ander relevante antwoord.

**Wes-Berlyners se respons:**

- Sommige Wes-Berlyners het net toegekyk en kon nie Oos-Berlyners wat die muur probeer oorsteek het help nie, soos Peter Fechter – om openlike oorlogvoering te vermy (eie kennis).
- Sommige Wes-Berlyners het Oos-Berlyners gehelp om te ontsnap (eie kennis).
- Wes-Berlyners was kwaad en het verraai gevoel deur die Weste omdat hulle nie gehelp het met die voorkoming van die bou van die muur nie (Bron 1C).
- Wes-Berlyners het geprotesteer en betoog teen die bou van die Berlynse Muur (Bron 1C).
- Enige ander relevante antwoord.

**Gebruik die volgende rubriek om punte toe te ken:**

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n elementêre wyse bv. **toon geen of min begrip van hoe die Oos- en Wes-Berlyners op die bou van die Berlynse Muur in 1961 gereageer het.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik om 'n paragraaf oor die onderwerp te skryf of kan nie 'n paragraaf oor die onderwerp skryf nie. | **PUNTE: 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou verband met die onderwerp bv. **toon 'n mate van begrip van hoe die Oos- en Wes-Berlyners gereageer het op die konstruksie van die Berlynse Muur in 1961.**<br>• Gebruik bewyse op 'n basiese manier om 'n paragraaf te skryf. | **PUNTE: 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse bv. **toon 'n deeglike begrip van hoe die Oos- en Wes-Berlyners op die bou van die Berlynse Muur in 1961 gereageer het.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf wat 'n begrip van die onderwerp toon. | **PUNTE: 6–8** |

**(8)**

**TOTAAL VRAAG 1: [50]**

**VRAAG 2: HOE HET DIE ANGOLESE BURGEROORLOG TUSSEN 1975 EN 1976 IN ’N GEVOLMAGTIGDE (“PROXY”) KOUE OORLOG ONTWIKKEL?**

2.1

2.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – Vlak 1]*
- “… hulle het uit ballingskap te voorskyn gekom …”
- “Hulle was ’n bietjie meer as ’n versameling kleiner guerrilla-eenhede ...” (2x1)(2)

2.1.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2A – Vlak 2]*

a) Dit was ’n magstryd tussen twee voormalige guerrillabewegings, die kommunistiese MPLA en die anti-kommunistiese UNITA. (1x2)(2)

b) Tydens die burgeroorlog het buitelandse ingryping gelei tot ’n toename in wapens van die vyande, wat dus tot ’n wapenwedloop gelei het. (1x2)(2)

2.1.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – Vlak 1]*
- “FNLA”.
- “UNITA”. (2x1)(2)

2.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2A – Vlak 2]*
- Die VSA wou die verspreiding van kommunisme voorkom / kapitalisme bevorder.
- Die VSA was bekommerd oor Kuba / die Sowjet-unie se betrokkenheid by Angolese politiek.
- Die VSA wou sy invloedsfeer in onafhanklike Afrika uitbrei.
- Die VSA het daarin belanggestel om ryk minerale hulpbronne van Angola te ontgin.
- Angola was van strategiese belang.
- Die VSA was bekommerd oor wapenbesendings wat MPLA van die Sowjet-unie ontvang het.
- Die VSA wou verhoed dat die Sowjet-unie ’n magsbasis in Afrika het.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2x2)(4)

2.1.5 *[Bruikbaarheid van die Bron 2A – Vlak 3]*

**Die bron is bruikbaar**
- Die bron is geskryf deur die VN-konsultant. / Die VN is ’n geakkrediteerde wêreldorganisasie wie se doel is om wêreldvrede te handhaaf; daarom verskaf dit eksplisiete inligting.
- Die bron verskaf belangrike inligting oor die bevrydingsbewegings, en ander lande wat by die oorlog betrokke is en die inligting staaf ander inligting uit die alternatiewe historiese bronne.
- Enige ander relevante antwoord. (1x2)(2)

**(14)**

© SACAI KOPIEREG

2.2

2.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – Vlak 1]*
- "... Om 'n domino-situasie te voorkom".
- "… as ons EEN laat vasstaan … sal hulle ALMAL vasstaan". (2x1)(2)

2.2.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2B – Vlak 2]*
- Vir 'n sekonde het hy die reaksie aanvaar (soos sy glimlag wys).
- Nadat hy alleen daaroor gedink het, het hy gemengde gevoelens gehad omdat hy die VSA se betrokkenheid in Viëtnam beëindig het. (1x2)(2)

2.2.3 *[Interpretasie van bewyse in Bron 2B – Vlak 2]*
- Hy wou die VSA se belange in al die vastelande beskerm, soos wat hulle in Asië gedoen het.
- Hy wou hulle invloedsfeer in Afrika beskerm, soos wat hulle in Asië, Viëtnam doen.
- Enige ander relevante antwoord. (1x2)(2)

2.2.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – Vlak 1]*
- "… Henry Kissinger …" (1x2)(2)

2.2.5 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – Vlak 1]*
- "… *The Daily Mail* …" (1x2)(2)

**(10)**

2.3

2.3.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2C – Vlak 1]*
- "… Suid-Afrikaanse normale troepe het Angola binnegeval …"
- "… MPLA het ons bystand versoek".
- "… om te verhoed dat die mense wat vir hul onafhanklikheid gestry het … verpletter word".
- "... om die sluipmoord op tientalle en duisende revolusionêre te voorkom".
- "... om te verhoed dat apartheid in Angola gevestig word".
- "... CIA om homself in Angola te vestig".
- "... ons intrnasionale plig om ons ondersteuning aan die MPLA te bied ten alle koste".
- "… om te verhoed dat neo-kolonialisme en imperialisme in Angola gevestig word". (Enige 4x1)(4)

2.3.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2C – Vlak 1]*
- "Fidel Castro" (1x1)(1)

2.3.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2C – Vlak 2]*
- Hulle was albei teen kapitalistiese / demokratiese oorheersing.
- Hulle het albei MPLA ondersteun.
- Hulle was albei kommunisties. (Enige 2x2)(4)

2.3.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2C – Vlak 2]*
- "Die Soviet Party". (1x1)(1)

**(10)**

2.4

2.4.1 *[Onttrekking van bewyse uit die Bron 2D – Vlak 1]*
- "Ek wil dit absoluut duidelik maak dat Suid-Afrika se betrokkenheid die gevolg was van Russiese en Kubaanse ingryping" … "wat ook duidelik gemaak is deur dr. Kissinger en sy assistent-sekretaris van buitelandse sake." (1x1)(1)

2.4.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2D – Vlak 2]*
- Omdat hulle hul troepe moes onttrek sonder om hul eie doelwit te bereik.
- Suid-Afrika het misluk / 'n fout gemaak.
- Enige relevante antwoord. (Enige 1x2)(2)

2.4.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2D – Vlak 1]*
- "... Sit MPLA in die saal".
- "… Suider-Afrikaanse lande ondermyn". (Enige 1x1)(1)

2.5 *[Vergelyking van Bron 2D en 2C – Vlak 3]*
- Bron 2C: Castro beweer dat Suid-Afrika Angola eerste binnegeval het en Kuba het gereageer, terwyl Vorster in Bron 2D beweer het dat Kuba Angola eerste binnegeval het en Suid-Afrika daarop gereageer het.
- Bron 2C stel voor dat Kuba in Angola betrokke was om te verhoed dat Suid-Afrika die beleid van apartheid versprei, terwyl Bron 2D suggereer dat Kuba probeer het om kommunisme deur Suider-Afrika te versprei.
- Bron 2C voer aan dat Kuba geveg het om Angola te bevry, terwyl Bron 2D suggereer dat Kuba beheer van Angola wou neem (deur die MPLA).
- Enige relevante antwoord. (Enige 2x2)(4)

**[8]**

2.6 *[Interpretasie, analise en sintese van bewyse uit die relevante bronne – Vlak 3]*

**Kandidate kan die volgende aspekte in hul antwoord insluit:**

- Buitelandse ingryping in Angola was hoofsaaklik militêr van aard (Bron 2A).
- Tenks, mortiere, straalvegters is gestuur om verskillende bevrydingsbewegings te bewapen (Bron 2A).
- Die Sowjetunie het militêre toerusting na die MPLA gestuur (Bron 2A).
- Kubaanse militêre adviseurs is gestuur om MPLA op te lei (Bron 2A). Suid-Afrika het wapens vir UNITA verskaf (Bron 2A).
- Die streeksbondgenote van die VSA was steeds Zaïre en Suid-Afrika (Bron 2B).
- CIA/VSA het geld aan FNLA geskenk (Bron 2D).
- Suid-Afrika het sy bondgenoot, UNITA teen Kubane ondersteun (Bron 2C).
- Amerikaanse oliemaatskappye het vir Kubaanse troepe betaal om die Angolese regering en sy olie-installasies te beskerm teen aanvalle deur Suid-Afrikaanse magte wat vir UNITA gewerk het. Die VSA het botsende belange in Angola gehad – olie en ’n volmagtiging teen kommunisme (Bron 2B).
- Castro het ondersteuning aan die MPLA gebied om Angolese onafhanklikheid en bevryding te verseker (Bron 2C).
- Kuba het ook burgerlikes gestuur om te ondersteun (Bron 2C). Kuba het dokters, onderwysers en ingenieurs gestuur om te help bou aan Angola ná onafhanklikheid (eie kennis).
- Suid-Afrika het beweer dat hulle nie by die oorlog betrokke was nie (Bron 2D), maar was teenwoordig om hul belangstelling in die hidro-elektriese aanleg by die Calauquedamterrein te verdedig (eie kennis).
- Buitelandse inmenging het die burgeroorlog in Angola verleng (eie kennis).
- Buitelandse ingryping het daartoe gelei dat Angola ’n volmagoorlog (“proxy”) in die Koue Oorlog / ’n vlampunt tydens die Koue Oorlog geword het (eie kennis).
- Enige ander relevante antwoord.

**Gebruik die volgende rubriek om ’n punt toe te ken:**

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op ’n elementêre wyse bv. **toon geen of min begrip van hoe die Angolese Burgeroorlog tussen 1975 en 1976 tot ’n Gevolmagtigde Koue Oorlog ontwikkel het.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik om ’n paragraaf oor die onderwerp te skryf of kan nie ’n paragraaf oor die onderwerp skryf nie. | **PUNTE: 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou in ’n groot mate verband met die onderwerp bv. **toon ’n mate van begrip oor hoe die Angolese Burgeroorlog tussen 1975 en 1976 tot ’n Gevolmagtigde Koue Oorlog ontwikkel het.**<br>• Gebruik bewyse op ’n basiese manier om ’n paragraaf te skryf. | **PUNTE: 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse bv. **toon ’n begrip van hoe die Angolese Burgeroorlog tussen 1975 en 1976 tot ’n Gevolmagtigde Koue Oorlog ontwikkel het.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in ’n georganiseerde paragraaf wat ’n begrip van die onderwerp toon. | **PUNTE: 6–8** |

**(8)**

**TOTAAL VRAAG 2: [50]**

**VRAAG 3: HOE HET MARTIN LUTHER KING JR SE BURGERLIKE ONGEHOORSAAMHEID IN DIE 1960's DIE WEG VIR DESEGREGASIE IN DIE VSA GEBAAN?**

3.1

3.1.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3A – Vlak 2]*
- Daar was nege van hulle.
- Hulle was van Little Rock. (2x1)(2)

3.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – Vlak 1]*
- "Wit studente het hulle in die sale en tydens die klas beledig."
- "… Hulle het die Nine geslaan, veral die seuns, … het op hul hakke geloop totdat hulle gebloei het."
- "Hul sluitkaste is vernietig …"
- "… hulle het brandende papiere in die badkamers na hulle gegooi."
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 3x1)(3)

3.1.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3A – Vlak 2]*
- Hulle het die studente (Little Rock Nine) verhinder om Central High binne te gaan.
- Die plaaslike polisie het houtversperrings rondom die skool geplaas, aangesien wit heerssugtiges van plan was om bymekaar te kom en die kinders skade aan te doen. (2x1)(2)

3.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3A – Vlak 2]*
- Hy was teen integrasie omdat hy, met die meerderheidsteun van die wit gemeenskap, al vier die skole gesluit het, eerder as om voort te gaan met desegregasie.
- Faubus was ook 'n rassis.
- Faubus wou bloedvergieting vermy, daarom het hy die Nasionale Wag ingeroep.
- Faubus het die Nasionale Wag beveel om te verhoed dat die Little Rock Nine Central High binnegaan.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1x2)(2)

3.1.5 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3A – Vlak 3]*
- In 1954 het die Hooggeregshof beslis dat rassesegregasie op skool ongrondwetlik was. / Hulle het verwag dat die wet hulle sou beskerm. / Little Rock Nine is na Central High gestuur om die 1954-uitspraak te toets.
- Dit was hul grondwetlike reg (die reg op onderwys) wat deur die owerheid beskerm en deur almal gerespekteer moes word.
- Die NAACP het Little Rock Nine gewerf om die suiwer wit Central High School te integreer.
- Die NAACP het die Little Rock Nine opgelei/voorberei vir die vyandigheid wat hulle in die gesig sou staar.
- Enige ander relevante antwoord. Enige (2x2)(4)

**(13)**

3.2

3.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3B – Vlak 1]*

- "Gelyke regte NOU"
- "Ons marsjeer NOU vir geïntegreerde skole"
- "Behoorlike behuising NOU"
- "… 'n einde aan vooroordeel NOU" (Enige 3x1)(3)

3.2.2 *[Bruikbaarheid van Bron 3B – Vlak 3]*

**Bruikbaar omdat:**

- Dit wys die betogers en vorm van protes wat gebruik word vir hul eise om gesien en gehoor te word.
- Die foto toon die belangrikste eise.
- Die foto is van 'n edu.-webwerf, wat 'n opvoedkundige webwerf en meer betroubaar is as 'n .com-webwerf, afgelaai.
- Die foto is tydens die optog in Washington geneem; dit wys dat die betogers goed georganiseer was.
- Enige ander relevante antwoord.

**Nie bruikbaar nie:**

- Die foto verskaf beperkte inligting oor die betoging.
- Die fotograaf se naam word nie genoem nie, maar dit is vir 'n historikus baie belangrik om die egtheid van die foto te weet.
- Die foto moet saam met ander historiese bronne bestudeer word / aangevul word deur ander historiese bronne.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2x2)(4)

3.2.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3B – Vlak 1]*

- "28 Augustus 1963" (1x2)(2)

**(9)**

3.3

3.3.1 *[Interpretasie van bewyse in Bron 3B – Vlak 2]*

- Die reg om te stem is 'n mensereg, mense kan nie smeek om hierdie reg te kry nie, dit moet toegestaan word sonder om iemand te dwing om dit toe te staan.
- Volgens die 15de Wysiging kon Afro-Amerikaners stem, maar die federale state het Afro-Amerikaners verhinder om te stem deur peilingbelastings, geletterdheid en toetse te implementeer en Afro-Amerikaners te intimideer.
- Enige ander relevante antwoord. (1x2)(2)

3.3.2 *[Onttrekking van bewyse in Bron 3B – Vlak 2]*
- "Die opmars van Selma na Montgomery …" (1x1)(1)

3.3.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3C – Vlak 1]*
- "Peilingstoets".
- "Geletterdheidstoetse".
- "Ander intimidasietaktieke". (Enige 1x1)(1)

3.3.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3C – Vlak 1]*
- "John Lewis".
- "Hosea Williams". (2x1)(2)

3.3.5 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3C – Vlak 2]*
- Die *State Troopers*, sommige te perd, het aangeval in chaos met traangas, swepe en knuppels, en het verskeie betogers bewusteloos gelaat.
- Die geweld wat deur die *State Troopers* gebruik is, is op televisie uitgesaai.
- 'n Aanvanklike nie-gewelddadige vreedsame optog het in geweld geëindig.
- Jimmie Lee Jackson, 'n aktivis, is dood nadat hy deur *State Troopers* geskiet is, Jackson het sy ma beskerm teen 'n geslanery deur die *State Troopers* (eie kennis).
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2x2)(4)

3.3.6 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3C – Vlak 2]*
- Martin Luther King Jr het geweldloosheid teen die teenstanders van die burgerregtebeweging gepreek.
- Vreedsame middele van protes is gebruik / optogte, boikotte of sitstakings wat Amerikaners welgeval het en gewys het dat Afro-Amerikaners nie 'n bedreiging inhou nie.
- King Jr het vreedsame betogings voorgestel wat verkondig is, wat Afro-Amerikaners as passief wys terwyl die blankes aggressief opgetree het.
- Gematigde Amerikaners het die regverdiging van segregasie begin bevraagteken wanneer dit blankes is wat die Afro-Amerikaners aangeval het, wat op geen manier dreigend was nie.
- Lede is nie toegelaat om wapens te dra vir beskerming nie.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2x2)(4)

**(14)**

3.4

3.4.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3D – Vlak 1]*
- *"... Om swart kiesersregistrasie te bevorder"*
- *"... Om te protesteer teen die moord op 'n jong swart man, Jimmie* (2x1)(2)

*Lee Jackson"*

3.4.2 *[Verduideliking van bewyse uit Bron 3D – Vlak 2]*

- Burgerregte-aktiviste wat bestaande wette in die VSA vreedsaam uitgedaag het deur aan die eerste optog van Selma na Montgomery deel te neem.
- Burgerregte-aktiviste wat besluit het om van Selma na Montgomery te marsjeer om stemreg te eis. (1x2)(2)

3.4.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3D – Vlak 1]*

- "Daar was 'n tydelike hospitaal naby die plaaslike kerk."
- "Negers het op die vloere en stoele gelê, baie wat huil en wat kerm."
- "'n Meisie in rooi slenterdrag is gillend uit die huis gedra."
- "', Foto van Amelia Boynton wat half-bewusteloos op 'n tafel gelê het."
- "Uit die hospitaal het 'n berig gekom dat die slagoffers gebreekte ribbes, kopbene en ook snye en kneusplekke opgedoen het." (Enige 2x1)(2)

**(6)**

3.5 *[Interpretasie, analise en sintese van bewyse uit die relevante bronne – Vlak 3]*
Kandidate kan die volgende aspekte in hul respons insluit:

**Kandidate moet hul standpunt stel:**

- Selfs nadat slawerny in die VSA afgeskaf is, het segregasie voortgeduur. / Afro-Amerikaners het min toegang tot fasiliteite, onderwys, behuising en geleenthede gehad (eie kennis).
- In 1954 het die Hooggeregshof beslis dat rassesegregasie op skool ongrondwetlik was (Bron 3A).
- Die Rosa Parks-insident / Montgomery-busboikot het gelei tot die stigting van die burgerregtebeweging onder leiding van King Jr (eie kennis).
- Afro-Amerikaners het deelgeneem aan baie betogings teen gesegregeerde middagetetoonbanke, teen polisiegeweld, teen segregasie van pretparke (eie kennis).
- Die betogers het stemreg, beter behuising en toegang tot beter onderwys geëis (Bron B en C).
- Die betogers het vreedsame metodes van demonstrasie/optogte gebruik bv. Selma na Montgomery, sitstakings en boikotte (Bron B).
- Die betogings is gewelddadig hanteer (Bron A).
- In Little Rock is die studente gespot en geteister. / Tydens die Selma na Montgomery-optog is die betogers geslaan en met traangas gespuit (Bron C).
- Die optog na Washington (Bron 3B) was suksesvol om die doelwitte te bereik deur middel van die Wet op Burgerregte wat in 1964 onderteken is.
- In *Brown vs. Raad van Onderwys* het die Hooggeregshof verklaar dat *afsonderlik* inherent *ongelyk* is. Onderwys is gedesegregeer (eie kennis).

- In die Suide was Swartes kwesbaar vir onderwerping – swart kodes, geletterheidstoetse (eie kennis).
- Optogte het gehelp om die verhoog te skep vir die aanvaarding van die Wet op Burgerregte en Stemreg, wat Afro-Amerikaners dieselfde regte as blankes gegee het (Bron 3C).
- Die optog oor die Pettus-brug is gelei deur King. / *State Troopers* het die optoggangers egter geblokkeer. / Die volgende dag het president Johnson wetgewing verbied wat die Afro-Amerikaners verhinder het om te stem (Bron 3C).
- Daardie Augustus is die Stemregwet deurgevoer (Bron 3C).
- Enige ander relevante antwoord.

**Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:**

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n elementêre wyse bv. toon **geen of min begrip van hoe King se burgerlike ongehoorsaamheid die weg gebaan het vir desegregasie in die VSA in die 1960's.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik om 'n paragraaf oor die onderwerp te skryf of kan nie 'n paragraaf oor die onderwerp skryf nie. | **PUNTE: 0−2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou in 'n groot mate verband met die onderwerp, bv. toon 'n mate van begrip hoe King se burgerlike ongehoorsaamheid die weg gebaan het vir desegregasie in die VSA in die 1960's.<br>• Gebruik bewyse op 'n basiese manier om 'n paragraaf te skryf. | **PUNTE: 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse bv. **toon 'n deeglike begrip van hoe om krities te verduidelik hoe King se burgerlike ongehoorsaamheid die weg gebaan het vir desegregasie in die VSA in die 1960's**.<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf wat 'n begrip van die onderwerp toon. | **PUNTE: 6−8** |

**(8)**

**TOTAAL VRAAG 3: [50]**

## AFDELING B: OPSTELVRAE

*[Beplan, konstrueer en bespreek ’n argument gebaseer op bewyse deur analitiese en interpretatiewe vaardighede te gebruik.]*

### VRAAG 4: UITBREIDING VAN DIE KOUE OORLOG: GEVALLESTUDIE – VIËTNAM

Die Noord-Viëtnamese en die National Liberation Front (die Viët Cong) het geveg om hul land van die VSA se inmenging te bevry. Dit was waarskynlik die hoofrede waarom die VSA nie daarin geslaag het om hulle te verslaan nie.

Bespreek hierdie stelling krities in die konteks van die Viëtnam-oorlog tussen 1963 en 1975.

**OORSIG**
Deur hierdie opstel te skryf, moet kandidate die impak van die Viëtnamese Oorlog op die Viëtnamese en op VSA-soldate evalueer.

**HOOFASPEKTE**
Kandidate moet die volgende aspekte in hul antwoord insluit:

**INLEIDING**
Kandidate moet ’n argument oor die stelling aanvoer en aandui hoe hulle gaan probeer om die vraag aan te spreek

**UITBREIDING**

**Agtergrond:**
- Die kern van die konflik was die begeerte van Noord-Viëtnam, wat die **Franse koloniale administrasie** van Viëtnam in 1954 verslaan het, om die hele land te verenig onder ’n enkele kommunistiese regime gemodelleer na dié van die Sowjet-unie en China.
- By die Geneefse konferensie is Viëtnam tydelik **langs die 17de breedtegraad verdeel** in Noord-Viëtnam, beheer deur die Kommunistiese Viët Mihn, en Suid-Viëtnam, wat deur die VSA en die Franse gesteun is.
- Ngo Dinh Diem is ondersteun deur anti-kommunistiese lande, veral die VSA.
- Die National Liberation Front (NLF) – kommunisties in oriëntasie, met hul eie opgeleide guerilla-mag, die Viët Cong en wat Ngo Dinh Diem teëgestaan het, is gestig. Dit het die land in ’n **burgeroorlog** gedompel.
- Die Viët Cong is deur die **Chinese en die Sowjets** gesteun.
- Die VSA se betrokkenheid by die Viëtnam-oorlog, in wese ’n konflik tussen die Noorde en Suide, het ’n stryd teen die globale verspreiding van kommunisme geword.
- Dit was ’n volwaardige oorlog wat tydens die **Koue Oorlog** geveg is as deel van die VSA se beleid van inperking.

**Die doel van die Noord-Viëtnamese en die Viët Cong:**
- Die Viët Cong was verenig/patrioties/nasionaliste in die verdediging van hul land **teen die VSA.**
- Die Viët Cong is ondersteun deur die Viët Minh, die bevrydingsleër van Noord-Viëtnam.
- Die Viët Cong en die Viët Minh wou ’n verenigde, kommunistiese Viëtnam tot stand bring.

- Die Viët Cong het militêre opleiding van die Viët Minh ontvang.
- Die Viët Cong het doeltreffend gebruik gemaak van guerrilla-oorlogvoering teen die VSA deur middel van strikke, ondergrondse tonnels, sabotasie en tref-en-trap-taktiek.
- Sterk **leierskap in die Viët Cong onder Giap**, het gelei tot verdedigende aanvalle op die VSA.
- **Die Tet-offensief (1968)** is deur Viët Minh en Viët Cong geloods teen stedelike sentrums en VSA-basisse regdeur Viëtnam.
- **Die plaaslike Viëtnamese bevolking het die Viët Cong ondersteun** om hul land te bevry.
- **Die Ho Chi Minh-roete** is deur die Viët Minh (noord) gebruik om die Viët Cong in die suide te ondersteun.
- Die Viët Cong het sy steunbasis vergroot as gevolg van die taktiek wat teen VSA-soldate gebruik is.
- Die Viët Cong het ook meer ondersteuning van die plaaslike bevolking ontvang aangesien die VSA as buitelanders gesien is en die plaaslike inwoners nie verstaan het hoekom hulle met geweld na plekke van veiligheid verwyder is nie.
- Boonop het die Viët Cong die dorpe geïnfiltreer, wat opsporing vir die VSA uitdagend gemaak het. Daarom het die VSA gereageer en dorpe deursoek en geweld gebruik om dit te doen. Hierdie optrede het gelei tot verdere wantroue in die VSA in Viëtnam.

**VSA se inmenging:**

- Tussen 1960 en 1963 het president Kennedy die "red 'n dorpie/gehuggie"-stelsel ingestel. Dit het misluk aangesien die meeste van die Viët Cong kleinboere was wat van binne die dorpe gewerk het – ongeveer 40% van die landelike gebiede oorgeneem het.
- VSA het op 8 Maart 1965 3 500 mariniers en grondtroepe na Viëtnam gestuur.
- **Golf van Tonkin** – Golf van Tonkin-resolusie
- President Johnson het die VSA se betrokkenheid vergroot – teen 1967 was daar ongeveer 500 000 Amerikaanse troepe in Viëtnam.
- Die eskalasie van VSA-betrokkenheid het Viëtnam uitgelig as 'n volmagoorlog ("proxy war") binne die Koue Oorlog. Verskeie operasies is deur die VSA ingestel om die vordering van die Viët Cong te bekamp.
- Operasie Rolling Thunder (April 1965) het ten doel gehad om die Viët Cong van hul steun in die noorde af te sny deur hawens, weermagbasisse en toevoerlyne te vernietig, maar dit kon nie die Viët Cong se wil om te veg of die vloei van manne en voorrade langs die Ho Chi Minh-roete verswak nie.
- **Chemiese oorlogvoering:** Agent Orange en napalm het die VSA ongewild gemaak en baie lande het die VSA veroordeel – het die meeste skade aan die omgewing aangerig.
- **Die Tet-offensief (1968)** – die Viët Cong het 'n massiewe aanval geloods op ongeveer honderd dorpe en stede insluitend Saigon, sowel as twaalf VSA-lugmagbasisse. **Viët Cong kon 80% van alle dorpe en stede inneem**.
- Alhoewel die Viët Cong swaar ongevalle gely het en nie daarin geslaag het om 'n uitklophou te lewer nie, het dit getoon dat dit die vermoë het om die sentrum van die VSA-beheerde gebied te tref. Dit het aan die Amerikaanse publiek gewys dat hulle nie die oorlog kon wen nie.
- VSA het jong en **onervare soldate** na Viëtnam gestuur.
- VSA het Soek en Vernietig Beleid '*Search and Destroy Policy'* (sendings) gebruik om dorpe te vernietig wat die Viët Cong ondersteun – verwar deur guerrilla-taktieke.

- Foto's van die My Lai-slagting is deur die media gebruik om VSA-burgers bewus te maak van die gruweldade wat deur die VSA gepleeg is, Amerikaners het VSA-betrokkenheid bevraagteken aangesien die VSA as die onderdrukkers uitgebeeld is.
- Boonop het Soek en Vernietig '*Search and Destroy'*-sendings gelei tot groot getalle burgerlike sterftes, wat weer gelei het tot meer ondersteuning vir die Viët Cong deur die plaaslike Viëtnamese dorpenaars.
- As gevolg van die doeltreffende guerrilla-taktiek wat deur die Viët Cong gebruik is en die gebrekkige ervaring van die VSA-soldate, het die aantal VSA-soldate wat gedood is, toegeneem – dit het gelei tot anti-oorlogdemonstrasies in die VSA.
- Televisie-nuusberigte (media-oorlog / eerste oorlog wat in die "woonkamer" ingebring is), koerante en tydskrifte het beeldmateriaal gedra van voorvalle waar Viëtnamese burgers deur die VSA se troepe uitgemoor is (napalm-foto van Kim Puck) en as gevolg daarvan het **anti-oorlog bewegings** ontwikkel (Kent State-slagting / Anti-Viëtnam Oorlog-veldtog).
- President Nixon het 'n beleid van "Viëtnamisering" gehad – opleiding van die Suid-Viëtnamese soldate om hulself te verdedig en geleidelik die VSA-troepe terug te trek.
- Die VSA het Noord-Viëtnam in 1970 swaar gebombardeer – maar kon nie die Viët Cong keer of die Ho Chi Minh-roete vernietig nie.
- In 1973 was daar 'n wapenstilstand en die laaste VSA-troepe is onttrek.
- In 1975 het president Ford alle VSA-personeel onder Operasie Frequent Wind ontruim.
- In 1975 het die kommunistiese Viët Cong geseëvier; in 1976 is Viëtnam verenig onder kommunistiese bewind. Die VSA het nie daarin geslaag om die verspreiding van kommunisme te keer nie.

**GEVOLGTREKKING**

- Kandidate moet hul argument met 'n relevante gevolgtrekking afrond. **[50]**

## VRAAG 5: ONAFHANKLIKE AFRIKA: GEVALLESTUDIE – DIE KONGO

Mobutu Sese Seko se beleid het voorspoed en stabiliteit in die Kongo bewerkstellig nadat hy in 1965 onafhanklikheid verkry het.

Evalueer bogenoemde stelling met voorbeelde van wat in die Kongo onder Mobutu se heerskappy gebeur het.

### OORSIG
Evalueer die impak van Mobutu Sese Seko se politieke, ekonomiese, sosiale en kulturele beleid op die Kongo en sy mense ná onafhanklikheid in 1965.

### HOOFASPEKTE
Kandidate moet die volgende aspekte in hul respons insluit:

### INLEIDING
Kandidate moet vasstel of hierdie beleide wel voorspoed en stabiliteit aan die Kongo gebring het.

### UITBREIDING
**Politieke beleid – Sese Seko se leierskap:**

- Sese Seko het verklaar dat hy ten gunste van ’n demokrasie was, maar hy het as ’n diktator regeer.
- **Persoonlikheidskultus** – Zaïriërs is gedwing om na toesprake te luister.
- Hy het ontslae geraak van alle politieke partye behalwe sy party, die Popular Movement of the Revolution (MPR) (eenpartystaat). Dit het die weg gebaan vir hom om die verkiesing in 1970 te wen, waar hy ’n termyn van sewe jaar verseker het.
- Daar was baie **menseregteskendings**, en hy het sy vyande wreed onderdruk, byvoorbeeld deur openbare teregstellings.
- Hy het ten doel gehad om ’n gevoel van **nasionale eenheid** en trots ten opsigte van Zaïriese identiteit en kultuur te bevorder. Hy het die naam van die Kongo verander na die Republiek van Zaïre. Dit was die eerste stap om die Europese invloed op die nasie te probeer verminder.
- Zaïre het by die Angolese Burgeroorlog betrokke geraak deur die verloorfaksie te ondersteun. Zaïre het toegang tot die Benguela-spoorlyn nodig gehad. Dit het nie die Zaïriërs bevoordeel nie, aangesien dit broodnodige fondse uit die land gedreineer het.
- Die lewens van gewone Zaïriërs het nie verbeter tydens Sese Seko se bewind nie. Sy bewind is geassosieer met wanbestuur van fondse en **korrupsie**.
- Sese Seko, wat sy naam verander het om “allesoorwinnende vegter wat van triomf tot triomf gaan” te beteken, het ’n kultus van sy eie persoonlikheid ontwikkel (Mobutisme).
- Onder Sese Seko is daar ook na Zaïre verwys as ’n **kleptokrasie** (heersing deur diewe).
- Sese Seko het voortdurend sy ministers en senior amptenare verander, of die posisies wat hulle beklee herrangskik, sodat nie een van hulle naby genoeg aan hom kon kom om die mag van hom af te neem nie. Hy het ook die gewoonte gehad om sy senior amptenare af te dank en hulle sonder waarskuwing in die tronk te gooi.
- Sese Seko het ’n uiterste metode onderneem om die Kongo te Afrikaniseer – **authenticitè**. Hy het elke burger beveel om sy of haar Christelike naam na Afrika-name te verander.

**Ekonomiese beleid:**

- Sese Seko het die Kongo se ryk natuurlike hulpbronne gebruik om broodnodige inkomste in te bring. Hy het buitelandse kopers verwelkom en hulle mildelike pryse gebied vir die Kongo se koper, kobalt, diamante en ander minerale.
- Sese Seko het die wins uit die koperuitvoer gebruik om ’n tien jaar lange industrialiseringsprogram regoor die Kongo te begin. Die **Inga-dam,** wat in 1972 voltooi is, was die wêreld se grootste hidroëlektriese dam.
- Sese Seko het ook beveel dat ’n **staalmeule in Kinshasa** gebou moet word en ’n kraglyn in gebruik geneem wat 1 786 km lank was en oor die weste van die land tot by die provinsie Katanga in die suidooste gestrek het.
- Ná ’n besoek aan China in 1973 het Sese Seko verklaar dat Zaïre groter ekonomiese onafhanklikheid van die Weste nodig het, en ’n groot proses van nasionalisering begin. Hy het die regering beveel om beslag te lê op **2 000 maatskappye in buitelandse besit.**
- Plantasies, plase, fabrieke en firmas wat die ekonomie saamgebind het, is aan sy familie en vriende oorhandig, terwyl hy byna die helfte van die maatskappye besit het. Besighede het **bankrot** gegaan of is deur wanbestuur verwoes.
- Staatsamptenare was vir maande lank nie betaal nie – het hulle tot korrupsie/uitbreiding van kleptokrasie gewend.
- Zaïrianisering en die “radikalisering van die revolusie” wat die nasionalisering van handel ingesluit het, het chaos versprei na alle sfere van die ekonomie; korrupsie het infrastruktuur verwoes en gelei tot die **laagste lewenstandaard** ter wêreld.
- Die opkoms van die nuwe elite het gelei tot klasdifferensiasie.
- Die skielike daling in die internasionale vraag na koper in die 1970’s het die Kongolese ekonomie drasties gedestabiliseer.
- Dit het duidelik geword dat die ekonomiese **beleid misluk** het, hy moes buitelandse beleggers terugnooi, die Wêreldbank het Zaïre $3 miljard geleen. (Het afhanklik geword van buitelandse hulp.)

**Sosiale en Kulturele Beleide:**

- Die onafhanklikheid het die verspreiding van Afrika-kultuur ’n hupstoot gegee – Kanda Bongo het ’n internasionale musikant geword – bekend vir sy kwassa-kwassa-musiek. Onafhanklikheid het Kongolese skrywers geïnspireer: Lisembe Elebe het toneelstukke vervaardig.
- **Westerse klere is verbied** – geen pakke, geen dasse, geïnspireer deur Mao se kleredrag.
- Onderwys: Nuwe skole is gevestig ná onafhanklikheid, maar die tekort aan geld en klein aantal opvoeders het onderwys negatief beïnvloed.
- Teen die 1990’s was kerkbestuurde skole hoofsaaklik verantwoordelik vir die opvoeding van die meeste jong Kongolese.
- Gedurende die 1970’s het die jaarlikse inflasiekoers 100% bereik. Die regering het beplan om die inflasiekoers te verlaag deur gesondheidsdienste, opvoedkundige programme en maatskaplike welsynsvoordele te verminder. Hierdie maatreëls het die lewens van die armes beïnvloed.
- Enige ander relevante antwoord

**GEVOLGTREKKING**

- Kandidate moet hul argument met ’n relevante gevolgtrekking afrond. **[50]**

## VRAAG 6: BURGERLIKE SAMELEWING PROTES VAN DIE 1950's TOT DIE 1970's: DIE SWARTMAG BEWEGING

Die Black Panther Party (BPP) was nie alleen verantwoordelik vir die ontstaan van die Swartmagbeweging ("Black Power Movement") in die VSA gedurende die 1960's nie.

Stem jy saam met bogenoemde stelling? Gebruik relevante voorbeelde om jou argument te ondersteun.

### OORSIG

In hierdie opstel moet die leerders die rol verduidelik wat die BPP (onder andere) gespeel het in die ontstaan van Swart Mag ("Black Power") in die VSA in die 1960's. Kandidate moet aandui dat die BPP nie alleen verantwoordelik was vir die ontstaan van Swart Mag ("Black Power") in die VSA gedurende die 1960's nie.

### HOOFASPEKTE

Fokus op die beginsel dat die BPP nie alleen verantwoordelik was vir die ontstaan van Swart Mag nie. Die konsep van Swart Mag het bestaan uit 'n verskeidenheid Afro-Amerikaanse sienings en leiers wat die slagspreuk bevorder het. Swart Mag is veral ondersteun deur Afro-Amerikaanse jeug in die Noord-Amerikaanse state.

### UITBREIDING

**Agtergrond:**

- Die Burgerregtebeweging het rassesegregasie in die Suide suksesvol beëindig, maar het nie rassediskriminasie in die Noorde aangespreek nie.
- Vooroordeel het nie verdwyn met nuwe wetgewing (Wet op Burgerregte en die Wet op Stemreg) nie en Afro-Amerikaners het steeds rassediskriminasie in die gesig gestaar.
- Afro-Amerikaanse lone was laer as dié van hul wit eweknieë en hulle het hoër misdaadsyfers in hul woonbuurte ondervind. Baie Afro-Amerikaners het Martin Luther King se filosofie van geweldloosheid verwerp. Hulle het geglo dat 'n meer militante benadering tot wit rassisme nodig is en het die slagspreuk "**Swart Mag**" aangeneem.

**Die opkoms van die Black Panther Party:**

- **Die Black Panther Party (BPP) is in 1966 deur Bobby Searle en Huey Newton gestig.**
- **BPP was betrokke by die inisiëring en ondersteuning van Swart Mag-programme, dit wil sê gemeenskapsgebaseerde programme en voedingskemas (teen-armoedesentrums)**; begin met programme wat verantwoordelik was vir die verdediging van Afro-Amerikaners teen polisiebrutaliteit; gefokus op sosio-ekonomiese toestande van Afro-Amerikaners en het ook verskeie gemeenskapsoorlewingsprogramme bedryf.
- **Die Tien Punte het gedien as die Black Panther se manifes wat sy sosiale, politieke en ekonomiese doelwitte en oogmerke gedek het.**
- Die opkoms van Swart Mag **as 'n parallelle krag** langs die hoofstroom Burgerregtebeweging het plaasgevind tydens die March Against Fear, 'n stemreg-optog in Mississippi in Junie 1966 / eenman-optog deur James Meredith.

**Malcolm X se rol:**

- **Malcolm X** was ’n welsprekende voorstander van Swart Mag – hy het gesê dat hulle moet veg vir **gelyke regte,** al beteken dit dat geweld gebruik word. Jong stedelike Afro-Amerikaners was aangetrokke tot sy idees.
- Hy het selfrespek en selfdissipline bepleit.
- Hy het gevra vir selfgeldendheid en aggressiwiteit in hul revolusie teen onderdrukking, bv. rasonluste by Watts, Detroit.
- Afro-Amerikaners is gewaarsku om op enige manier wat nodig is op te staan teen wit outoritarisme, in die strewe na vryheid, geregtigheid en gelykheid.
- Hy het die gebruik van geweld as ’n manier van selfverdediging teen wit aanvalle bevorder.
- Die Black Panthers is geïnspireer deur Malcolm X se geloof in eenheid onder die internasionale werkersklas.
- Malcolm X het ook burgerregteleiers soos Stokely Carmichael geïnspireer.

**Carmichael se rol:**

- **Carmichae**l het Swart Mag gedefinieer as ’n oproep vir swart/Afro-Amerikaanse mense in sy land om te verenig, om hul **erfenis** te erken, om ’n gevoel van **gemeenskap** te bou. Swart mense moet hul eie doelwitte definieer en hul eie organisasies lei.
- Die Swartmagbeweging het Afro-Amerikaners aangemoedig om trots te wees op hul Afrika-erfenis deur **Afro-haarstyle** te dra en **Afrika-musiek en -kultuur** te omhels, asook oor **Afrika-geskiedenis te leer**.
- Hy het nie “Black Power” uitgevind nie, maar dit gewild gemaak.
- “Black is Beautiful” en “Black Power”-slagspreuke is deur Carmichael gewild gemaak.
- Hy het hom beywer vir die uitsluiting van wit liberale uit die “struggle”.
- Hy is verkies tot ere-premier van die BPP.

**Die opkoms van die Black Panther Party:**

- Baie in die hoofstroom- wit samelewing het die Black Panthers en ander Swart Mag-groepe negatief beskou en hulle afgemaak as gewelddadig, anti-blanke en anti-wetstoepassing.
- Die BPP was betrokke by polisieskietgevegte in New York, Chicago. Die FBI het hulle as ’n bedreiging vir nasionale veiligheid gesien.
- In 1967 is Huey Newton gearresteer en die BPP het ’n “Free Huey”-veldtog van stapel gestuur.
- Insgelyks was Angela Davis ’n uitgesproke BPP-aktivis wat ook gearresteer is. Soortgelyke “Free Angela”-veldtogte is gehou.
- Die BPP het ook die **“Gratis ontbyt vir kinders-program”** van stapel gestuur wat arm kinders elke dag gevoed het, sowel as klinieke waar volwassenes en kinders gratis mediese sorg kon kry en ’n skema om swart leerders in skole te help.
- Die BPP het ’n **10-punt-program** opgestel wat eise vir indiensneming, ordentlike behuising, beter onderwys en ’n einde aan polisiebrutaliteit ingesluit het.
- Die BPP het aan ’n reeks kriminele aktiwiteite deelgeneem om fondse in te samel. Hulle was betrokke by gewelddadige konfrontasie met die polisie, waarin 50 mense gesterf het.

© SACAI KOPIEREG

- Die Swartmagbeweging het bygedra tot die rasonluste in Watts, Los Angeles, Newark, New Jersey en Detroit. Sodanige onluste het talle dooies en honderde beseerdes nagelaat, asook groot skade en vandalisme aan eiendom aangerig.
- Dit het nie alle diskriminasie beëindig nie. Dit het 'n positiewe uitwerking op **Afro-Amerikaanse selfvertroue en selfbeeld gehad.**
- Dit het gelei tot die groei van die "**Black is Beautiful"**-bewegings en die ontwikkeling van swart kuns en kultuur.
- Die Black Panther Party was nie die enigste rolspeler in die Swartmagbeweging nie.
- Sommige historici voer nietemin aan dat die Black Panther se gewelddadige vergelding wel die behoefte aan verandering versterk het en die hand van Johnson gedwing het om wetgewing ten gunste van die Burgerregtebeweging te verander. Die Amerikaanse regering was meer gewillig om saam met die vreedsame burgerregte-aktiviste te werk as die para-militaristiese BPP.
- Enige ander relevante antwoord

**GEVOLGTREKKING**

- Kandidate moet hul argument met 'n relevante argument afrond. **[50]**

## GROOTTOTAAL: [150]